Lesing 42 van 21.07.17 - Boodskappe vanuit die Gilgal Klipwiel

## *Aanhaling uit die werke van Johanna Brandt:*

Die feit dat Suid-Afrika nie so erg sou deurloop as die res van die wêreld nie, was darem 'n troos. Die Boodskapper het aan Johanna gesê dis omdat God Suid-Afrika gekies het as 'n spesiale instrument waardeur die hele wêreld geseën sou word. Hy het ook 'n spesiale waarskuwing met 'n besondere doel aan die mense van hierdie land gerig.

Suid-Afrika, God se pêrel

Maar weet dit, het die Engel aan haar gesê, hierdie Boodskap van profetiese waarskuwing sal eerder deur die eenvoudige en onbedorwe mense van die wêreld geglo word, en wanneer die tyd kom vir die profetiese rampe vir hierdie land om vervul te word, sal die ganse wêreld sien hoe deeglik julle voorbereid is en hoe goed julle daartoe in staat is om jul probleme die hoof te bied. Hulle sal sien dat julle dapper is en ten volle vertrou in die aangesig van die grootste gevare, dat julle kalm bly onder die siedende woede van die storm, dat julle jul plig doen ten spyte van die gevare en beproewinge, en hulle sal die getuienis van julle voorbeeld aanvaar en gedwing word om dit te volg sodat hulle gered kan word op die Groot Dag wat gaan kom.

God ontferm Hom oor Suid-Afrika! het Johanna besef, maar dis nie al nie - daar is ook voorwaardes en verantwoordelikhede wat by die volk berus. Sy gaan dan voort:

O Volk van Suid-Afrika, groot is die offer wat van jou gevra word! Groot die verantwoordelikheid wat op jou rus! Jy sal die boodskap deur die geloof alleen aanneem, sonder bewys, sonder hoër outoriteit van die geskrewe woord—maar die wêreld sal dit aanneem deur die getuienis van die vervulling van die profesieë van die rampe wat oor jou moet kom! Deur jou lyding dus!"

My woorde: “Die offer waarna Johanna verwys en wat van Suid-Afrika gevra word, is die offer van volkome geloof. Suid-Afrika is 'n pêrel in die oë van ons Meester, het die Boodskapper haar meegedeel. Want hier in Suid-Afrika sal die eerste groot wonders van die nuwe eeu van Openbaring plaasvind. Deur Suid-Afrika sal die wêreld gedwing word om te glo dat die Wederkoms van die Saligmaker op hande is.”

Dan gaan sy verder: **'n Pragtige lig, nie van hierdie wêreld nie, het oor** die troostelose toneel gespoel en ek het in verwonderde eerbied gestaar. Ek het die glorieryke en verhewe Teenwoordigheid van ons geliefde Meester in ons midde gesien — hier in Suid-Afrika. En dit was die hele betekenis van die visioene wat ek gesien het – dat Jesus Christus onse God (JaHWèshua die Messias en onse Elohim) na ons sal kom wanneer die storms van suiwering en voorbereiding verby is en die mense se harte deur lyding gereed gemaak is om Hom te ontmoet.

In hierdie stryd tussen Lig en Duisternis, word menslike werktuie aan beide kante gebruik. En hulle is gewillige werktuie.

Daar is nie so iets soos dwang nie, vrywillig kies ons elkeen die kant waar ons wil staan. Daarvoor het God die stem van die gewete in ons binneste geskep. Ons weet dus dat in hierdie laaste stryd tussen goed en kwaad ons self besluit het waar ons wil staan.

Na hierdie nag van verskrikking, het sy die dag sien breek, en dit was asof die Hemel oor Suid-Afrika neergedaal het.

Nota oor die syder 7:

As ons gaan kyk na die syfer 7 en die woord "*eed*" in Hebreeus, sien ons dat dit werklik een en dieselfde stam het, naamlik "*shaba*".

> 7650. [b'c; **shaÆba**>, *shaw-bah';* a prim. root; prop. <u>to *be complete*</u>, but used only as a denom. from 7651; <u>to *seven* oneself</u>, i.e. *swear* (as if by repeating a declaration seven times):— adjure, charge (by <u>an oath, with an oath</u>), feed to the full take an oath, × straitly, (cause to, make to) swear.